KONTAKBESONDERHEDE:
Sekretaris: Hennie Heymans
Tel: 072 336 1755
ePos: heymanshb@gmail.com

Web: nongqaitrust.weebly.com

Openbare Weldaad Organisasie (OWO)
Nie Winsgewende Organisasie (NWO)

Registrasie Nommer:
IT 002701/2018(T)

Adres:
Derdeweg 129
MONTANA
0151

JAARVERSLAG DEUR DIE ONDER-VOORSITTER VAN DIE NONGQAI TRUST VERSLAG VAN 1 MAART 2020 TOT 28 FEBRUARIE 2021

Gedurende die verslagjaar het die voorsitter na die Wes-Kaap verhuis en het gevolglik bedank. Die ondervoorsitter mnr FH Kilian het tydelik as voorsitter waargeneem.

Die Raad van Trustees

- Mnr FH Kilian - voorsitter
- Mnr GW Elsden
- Mnr N Frylinck
- Mnr HB Heymans - sekretaris

Lede van die Nongqai Trust se informele advies-komitee

- Mnr Jan Augustyn - tesourier
- Mnr Ben Kruger – Mississippi VSA - fondswerwing
- Prokureur Conrad Kruger – wat ons met fondswerwing gehelp het, is weens Covid-19 oorlede.
- Mnr Bazil Young – is ‘n persoonlike vriend van mnr De Kock en besoek hom gereeld en hou die perseel van tyd tot tyd in stand. Ons beoog om hom te nooi om ‘n trustee te word.
- Me Rina Burger
- Me Anemari Jansen

Covid-19

Die Trust het rondom die voorskrifte mbt Covid-19 gewerk. Een van ons lede het Covid-19 opgedoen en nagevolge oorgehou. Een gereelde ondersteuner is oorlede.

Vergaderings

Aangesien daar geen uitstaande sake is nie, is geen formele vergaderings gehou tydens die Covid-19 inperkings nie. Die onderhoud en bystand aan mnr De Kock is ‘n voltydse werk en daar word daagliks aandag aan hom en aan ander persone hulp en bystand gebied.

Konsensus

Alle aansoeke vir hulp is per WhatsApp onderling uitgeklaar en alle applikante se aansoeke om hulp, is eenparig goedgekeur.

Banksake: Mnr EA de Kock

Met toestemming van mnr De Kock het mnr JP Botha van JP Botha-rekenmeesters op versoek van die Nongqai Trust, mnr De Kock se banksake geouditeer. ‘n Persoon is geïdentifiseer wat van mnr De Kock se fondse gesteel het. Die kriminele en siviele aspekte van hierdie saak geniet aandag.

Belange: Mnr EA de Kock

Die Nongqai Trust het via mnr JP Botha en prokureur mnr Lucas Visagie met die Zondo-kommissie geskakel en die buitensporige betalings wat aan mnr De Kock sou betaal gewees het, feitelik weerlê. Mnr Visagie gee tans aandag aan ‘n siviele saak waar die belange van die wagte en huishoudster wat nie betaal word nie ter sprake is. Saak geniet aandag vanuit regsweë.

Fondswerwing

- Ons probeer administrasie tot ‘n minimum beperk en alle verkope word direk in of mnr De Kock se rekening of die Nongqai Trust se rekening in betaal. Geen trustees hanteer enige kontant of gelde nie.

- Fondswerwing op Facebook is ‘n deurlopende projek wat deurlopend deur mnr Ben Kruger, mnr HB Heymans en mnr Nico Freylinck bedryf word.

- Boeke – Vyf boeke is deur mnr Louis Lubbe aan mnr Heymans geskenk. Hy het een as persoonlike geskenk ontvang en drie opgeveil terwyl daar een op hand is.
- ‘n Onbekende aantal bottels is verkoop en die fondse is direk in die Trust se bankrekening betaal.

Grafiese kuns

Mnr Elsden het werk van hoë gehalte gelewer om die Trust se fondswerwing te reklameer. Ons dank aan hom.

Welsynsuitgangspunt en suksesse

Nadat die Oud-SAP-Lede Liefdadigheidstrust vir mnr De Kock in terme van hul akte van oprigting gehelp het en nie verdere hulp kon verleen nie, het die Nongqai Trust spontaan ontstaan om veral oud-SAP-lede wat aan Post Traumatiese Stres ly, by te staan en te ondersteun.

Verskeie persone, met in begrip van mnr De Kock, wat aan die vereistes voldoen is bystand verleen.

Spanpoging

Die suksesvolle bedrywighede van die Nongqai Trust is te wydte aan trustees en ondersteuners se begeesterde ondersteuning in fondse, fondswerwing en administrasie, hulp en bystand.

Dankbetuiging

- Mnr en mev JP Botha en regspersoneel
- Mnr Lucas Visagie
- Mnr Jan Augustyn
- My raad van Trustees en ons ondersteuners en medewerkers

Voorsitter: Nongqai Trust
Hein Kilian